V&A ’n Vakansie met ’n verskil

Lus vir vrywilligerswerk wat ’n bietjie meer skop het as die kerkbasaar? Voluntours is vir toeriste met ’n gewete. Marnie Heim-Stafford vertel hoe die vurk in die hef steek

Deur Jearelle Wolhuter

HEEL LINKS
Nepal is pragtig, maar hulpbehoewend.

MIDDEL
Vrywilligers in Suid-Afrika kry ’n sonstoof aan die gang.

LINKS
Bewaringsprojekte sluit werk met orangoetangs in Maleisië in.

FOTOGRAFIE: GALLO/GETTYIMAGES, VOLUNTOURS

WAT IS VOLUNTOURS?
Voluntours bied verantwoordelike vrywilligersprogramme van kort of medium duur in vakansieformaat aan. Dit is ’n manier waarop reisigers vrywilligerswerk kan kombineer met ’n eksotiese reisbestemming. Ons plaas nasionale en internasionale vrywilligers op verskeie humanitêre- en bewaringsprojekte.

WAAR WERK JULLE?
Voluntours is in Suid-Afrika gebaseer, maar ons werk ook in Mauritius, Madagaskar, Nepal, Peru en Maleisië.

HOE WERK DIT?
Vrywilligers betaal self vir hulle vliegkaartjies, verblyf en versekering, maar dit word deur Voluntours georganiseer en geadministreer. Ons plaas vrywilligers uit op ’n langtermyn gemeenskapsprojek waar ’n plaaslike verteenwoordiger die skakelpersoon is. Ons beskou die vrywilligers nie net as nog ’n paar hande nie – die oogmerk is om hulle vaardighede te gebruik om die gemeenskap op te hef. Ons kyk waar die vrywillger se vaardighede, belangstellings en vermoëns die beste sal pas sodat dit wedersyds voordelig sal wees. Vrywilligers bly en werk so na as moontlik aan die projek waarby hulle betrokke raak. Oor die algemeen beteken dit ’n vyfdag-werkweek, sodat die vrywilligers hulle vrye tyd na eie sin kan deurbring.

HOE HET DIT BEGIN?
So ’n paar jaar gelede was my man betrokke by ’n NRO wat op kinders fokus. Hy moes na eksotiese plekke reis vir dié humanitêre werk. Ek wou iets soortgelyks doen, maar daar was nie so ’n program in Suid-Afrika nie. Dit blyk toe dat baie ander mense ook vrywilligerswerk sou wou doen, maar dat min van hulle kon bekostig om twee jaar af te staan aan iets soos die Vredesmag. Sonder ’n program is dit baie moeilik om jou eie ding te organiseer. My agtergrond is in toerisme, en toe het ek besluit om hierdie twee belangstellings te kombineer.

VAN WATTER SOORT VRYWILLIGERS-PROJEKTE PRAAT ONS HIER?
Projekte val in twee hoofgroepe: gemeenskap en omgewing. Gemeenskapsprojekte is hoofsaaklik humanitêr van aard. Dit wissel van Engelse klasse gee in Nepal, tot sportontwikkeling tot die oprig van eko-vriendelike geboue in Suid-Afrika. Die omgewingsprojekte handel in ’n groot mate oor bewaring. Dit behels onder meer werk met orangoetangs in Maleisië en navorsing oor seesoogdiere met dolfyne in Plettenbergbaai. As jy in bewaring wil werk, maar vrekbang is vir spinnekoppe, sou ek jou aanraai om die Peruviaanse Amasone te verruil vir ons haaiprojek in Gansbaai.

MOET VRYWILLIGERS ENIGE SPESIALE VAARDIGHEDE HÊ?
Jy het nie noodwendig spesiale vaardighede nodig nie. Trouens, die meeste van ons humanitêre projekte is ingestel op die oordrag van lewensvaardighede. Vrywilligers word gekeur en hulle verwysings word nagegaan. Vir sekere projekte wat kontak met baie mense behels, het jy moontlik polisieklaring nodig.

Soms wil vrywilligers juis buite hulle kundigheidsveld werk. Ons het byvoorbeeld ’n verpleegkundige gehad wat glad nie in ’n mediese hoedanigheid wou werk nie, maar eerder haar tyd aan bewaring wou bestee. Sy het opgemerk dat ’n tier op die punt is om geboorte te skenk, die veearts geroep en kon toe help om die welpie in die wêreld te bring!

Maar daar is behoefte aan allerlei vaardighede. Selfs tieners kan inval. Hulle is gewoonlik knap met tegnologie en kan help met rekenaaropleiding op die platteland.

IS DAAR ’N OUDERDOMSPERK?
Nee. Ons oudste vrywilliger, wat in Nepal gewerk het, was 85. Ons het gewoonlik ’n minimum ouderdom van 18, soos bepaal deur ons korporatiewe versekering. Daar was egter al uitsonderings, en ons het al 16- en 17-jariges aanvaar met spesiale toestemming. Die vernaamste vereiste is dat die vrywilliger liggaamlik fiks genoeg moet wees vir die reise en die eise van die projek. Dit was nog maar selde nodig om iemand vanweë ouderdom weg te wys.

IS DIE MEESTE VAN JULLE VRYWILLIGERS DUS STUDENTE OP ’N SABBATSJAAR?
Glad nie. Ons deelnemers is meestal net mense met ’n hart vir verantwoordelike toerisme; en Suid-Afrika het nie juis ’n gevestigde kultuur van vrywilligheidswerk nie.

Vrywiligers kan in twee hoofgroepe verdeel word. Die eerste is mense in hulle vroeë dertigs wat hulle loopbaan ’n rukkie op ys sit om iets terug te gee. Die tweede groep is die aktiewe afgetredenes wat ’n vakansie met ’n verskil wil meemaak. Hulle is gewoonlik in hulle vroeë sestigs en het reeds baie gereis. Hulle verkies dan ook humanitêre projekte. Daar is van die brugjaarstudente wat vrywilligheidswerk wil doen ter wille van hulle CV’s, maar hulle gaan gewoonlik vir die goedkoper projekte.

BETEKEN DIT DAT VRYWILLIGERSWERK EINTLIK DUUR IS?
Die koste wissel. Behalwe die koste van vliegkaartjies na ver plekke, kos dit die vrywilligers tussen R5 000 en R7 000 per week, ongeveer wat jy kan verwag om vir ’n oorsese vakansie te betaal. Dit sluit verblyf, etes en reis na en van die projekte af in.

HOE LANK BLY DIE VRYWILLIGERS GEMIDDELD?
Ongeveer vier weke, hoewel dit dikwels afhang van hoeveel vakansie die mense kry. Ons probeer om almal tegemoet te kom, maar sekere van ons projekte vereis dat mense vir ten minste vier weke moet bly. Die langste is gewoonlik drie maande, aangesien die meeste toeristevisums net vir 90 dae uitgereik word.

VOLUNTOURS BEDRYF VERSKEIE PRODUKTE ORAL IN DIE WÊRELD, ONDER ANDERE:

Voorskoolse gemeenskapsprojek in Suid-Afrika
Besoekers help en adviseer personeel by ’n voorskoolse instansie in die Ndebele-omgewing. Take sluit in hulp met opvoedkundige en skeppende projekte, advies en opleiding van personeel en hulp met algemene administrasie en instandhouding.

Sonkrag-kookprojek in Suid-Afrika
Dit help inwoners om ’n volhoubare omgewing te skep deurdat gesinne geleer word hoe om met sonkrag te kook. Die projek behels die bou van ’n sonstoof vir ’n begunstigde en om hulle te help om dit behoorlik te gebruik.

Onderrig in Nepal
Vrywilligers gee hulp, opleiding en ondersteuning aan studente en onderwysers in minderbevoorregte skole in Nepal.

Projekte in die reënwoude van die Peruviaanse Amasone
Gaste help plaaslike gemeenskappe om hulle inkomste te verbeter deur volhoubare inisiatiewe en onderrig. Vrywilligers word ook deel van bewaringsprojekte soos bevolkingsopnames en studies van die plaaslike natuurlewe.

Orangoetang- en dwergolifantprojek in Maleisië
Hierdie projek fokus hoofsaaklik op die herstel van die natuurlike habitat van die bedreigde fauna, veral orangoetangs en dwergolifante. Vrywilligers versamel ook data oor die diere in en werk saam met die plaaslike gemeenskap aan bewaringsprojekte.

Dolfynprojek in Mauritius
Hoewel die klem op die wetenskaplike studie van dolfyne in hulle natuurlike habitat val, is daar iets van alles in hierdie projek, onder andere veldnavorsing, data-ontleding en opnames – alles om die seediere en koraalriwwe in die area te help beskerm.

Pionierprojek in Madagaskar
Dit dek ’n hele spektrum aktiwiteite, soos hulp met die bou van skole, oprigting van putte en latrines, en die opskerp van omgewingsbewustheid, asook om boomkwekerye in die armer dele van die eiland te vestig.

WIL JY HELP?
As jy lus het vir vrywilligerswerk in Suid-Afrika of die buiteland, kontak Voluntours by ☎ 011 315 4049 of 082 441 2749 of besoek www.voluntours.co.za.

Oor Marnie

Marnie is haar lewe lank met reis en toerisme gemoeid. Dit was deur haar betrokkenheid met Toerisme Johannesburg in Soweto en Alexandra waar die vlammetjie vir ontwikkelingstoerisme aangesteek is. Sy en haar man, Jeremy, bedryf die besigheid van Midrand in Gauteng af. Sy agtergrond is menslike hulpbronbestuur en deur sy werk het hy ’n kosveiligheidsnetwerk in Malawi op die been gebring met die ondersteuning van die Europese Unie. Daarna het hy begin werk vir ’n internasionale organisasie sonder winsoogmerk. Dit was net ’n natuurlike uitvloeisel om kragte saam te snoer en ’n verantwoordelike vrywiligers- en reisproduk te skep.